FAMILIEBYEENKOMS TUIS/ FAMILIEGROEPE

Families word aangemoedig om hierdie byeenkoms weekliks net na ete te hê.
Laat almal help om na ete die tafel af te dek en skoon te maak en almal bring dan hulle Bybels, Sewe Weke-boekies en 'n pen na die tafel.

Fokus op mekaar

- Laat die gesin hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week met mekaar deel.
- Ry as familie deur 'n ander woonbuurt in die gemeenskap wat heelwat verskil van julle woonbuurt. Gaan koop 'n koeldrank of eet 'n roomys daar en dink saam na oor hoe hierdie woonbuurt verskil van die woonbuurt waar julle woon. Maak as gesin saam 'n lys van die verskille.

Fokus op die Woord in ons lewens:

- Lees die teksgedeelte saam: Jeremia 29:4-11.
- Laat elkeen deel wat hulle in die teksgedeelte hoor.
- Die teksgedeelte wil ons nooi om oor onsself te dink as God se plante/bome wat in 'n bepaalde dorp, skool en gemeenskap geplant is. Hier moet ons groei en vrugdra en lewe.
- Dink saam na oor die waarde van plante en bome in die gemeenskap. Hoe wil die Here ons as plante/bome gebruik in ons dorp, skool en gemeenskap. Dink bv. wie kan onder jou boom kom skadu vind of rus of saam met jou speel?

Bid saam:

Dink aan die verskillende buurtes van ons dorp en wie is die mense wat ons ken wat daar woon. Laat elke gesinslid vir 'n ander woonbuurt voorbidding doen.

NOTAS:

Nog idees vir huisgeloof hierdie week:

Nog idees vir gesinsaktiwiteite:

Gemeenskapsprojek

Vind uit by watter organisasies en projekte ons gemeente se barmhartigheidsbediening reeds betrokke is waar julle as gesin ook kan betrokke raak. Klik hier vir daardie info. Vind ook meer uit oor wat Stellenthombu se Straatlig-projek vir mense doen wat op straat bly en ondersteun die projek. Hierdie info is ook op die blad wat bo genoem word en is ook een van die projekte wat ons gemeente ondersteun.

Steek 'n kersie aan

Steek elke aand 'n kersie aan en bid vir een ander mense wat nie deel van julle gesin is nie.

Help die diere

Help 'n organisasie wat met diere werk of die omgewing bewaar. Gee julle tyd as vrywilligers.

Pas die aarde op

Herwin in julle huis wat julle kan en bespaar water en elektrisiteit waar julle kan. Plant julle eie groentetuin en ry minder. Google vir praktiese idees hieroor.

Koffietyd

Bou 'n verhouding met mense of 'n gesin van 'n ander kultuur of inkomstegroep deur gereeld saam te gaan koffiedrink.

Ken jou werkers

As daar mense is wat vir julle as gesin werk of as julle 'n besigheid met personeel het, gaan bu hulle huise en leer hulle gesinne ken.

Gekry uit: "Ons huis oefen: Families glo saam" deur Anriëtte de Ridder en Maartje van der Westhuizen. Beskikbaar by Bybelmedia